

## HOOFSTUK 1

### DIE STRATEGIESE BELANGRIKHEID VAN DIE VAALDRIEHOEK

#### 1.1 INLEIDING

Die sentrale ligging van die Vaaldriehoek, sy nywerhede, waterbronne en sy bevolkingsamestelling het aan die streek in die tweede helfte van die twintigste eeu 'n strategiese waarde verleen.<sup>1</sup> Die Vaaldriehoek was 'n onderdeel van die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek (PWV) gebied waarin 75 persent van Suid-Afrika se industrieë op vier persent van sy oppervlak gekonsentreer was.<sup>2</sup> Die Vaaldriehoek is as die hart van Suid-Afrika se yster- en staal- asook die petrochemiese bedrywe beskou.<sup>3</sup>

Teen die einde van die sewentigerjare is die nywerhede van die Vaaldriehoek in soverre dit die ontwerp en vervaardiging van nywerheidstoerusting en -onderdele betref, as toonaangewend in Suid-Afrika beskou.<sup>4</sup> Die Vaaldriehoek het 'n groot bydrae tot die produksie van strategies belangrike produkte op verskillende terreine gelewer.<sup>5</sup>

---


<sup>1</sup> Vgl. Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 19. 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria.

<sup>2</sup> Anon, "Army's vital role in defending Vaal Triangle residents", in *Vaalweekblad*, 13.05.1994; Vgl. ook P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1994), p. 272.

<sup>3</sup> Anon, "Die Vaaldriehoek", *Panorama*, 17(11), November 1972, p. 14; MAV. p. 31. 15121999, Smit, N. C., (35) Sonlandpark; MAV. p. 19. 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria; MAV. p. 22. 28072000, Viljoen. C., (66) Pretoria.

<sup>4</sup> Anon, "Nywerhede in Vaal gee toon aan", in *Vaalweekblad*, 12.10.1979.

<sup>5</sup> Anon, "Vaaldriehoek wys sy krag", in *Vaalweekblad*, 27.08.1987; Anon, "Vaaldriehoek word nywerheidshartland en maak SA meer selfstandig", in *Vaalweekblad*, 06.07.1984.



Kaart 1: Oriëntering ten opsigte van die res van Suid-Afrika, die PWV-kompleks en die Vaaldriehoek.

Bron: A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad* (Ongep. D.Phil.-Proefskrif, PU vir CHO, 1983).

Daar was in die Vaaldriehoek drie strategiese nywerheidsaktiwiteite, naamlik yster- en staal-, brandstof- en wapenvaardiging.<sup>6</sup> Dit was vanweë dié aktiwiteite dat die Vaaldriehoek destyds as 'n A-teikengebied geklassifiseer is, met ander woorde 'n gebied wat 'n hoë prioriteit teikenarea was.<sup>7</sup> Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR), die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) en die Letabo kragstasie het meegebring dat die Vaaldriehoek 'n groter aandeel in die landse ekonomie verkry het.<sup>8</sup>

## 1.2 'n BEKENDSTELLING AAN DIE VAALDRIEHOEK

Dié streek met Vereeniging as eerste dorp, het op 'n plat vlakte met drie noemenswaardige riviere, naamlik die Vaal, Suikerbos en Klip ontstaan. Dit was die plat oppervlak, beskikbaarheid van water en die voorkoms van steenkool wat regstreeks tot die ontwikkeling van die Vaaldriehoek gelei het.<sup>9</sup> Die Vaaldriehoek was deel van die grootste nywerheidskompleks in Afrika en is as 'n hoofstaalvervaardiger beskou.<sup>10</sup>

Die Vaaldriehoek is geleë tussen 26° 30' en 26° 49' Suiderbreedte en 27° 40' en 28° 05' Oosterlengte. Die Vaaldriehoek was 'n belangrike onderdeel van die PWV-gebied.<sup>11</sup> Die naam, Vaaldriehoek, is oorspronklik aan die dorpe Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg gegee. Meyerton het mettertyd ook deel van die Vaaldriehoek geword. Die swart woongebiede, Boipatong,

<sup>6</sup> Anon, "Vaaldriehoek word nywerheidshartland en maak SA meer selfstandig", in *Vaalweekblad*, 09.07.1984.

<sup>7</sup> MAV. p. 31. 15121999, Smit, N. C., (35) Sonlandpark; Anon, "Kommentaar: Saamspan maak Vaal 'n veiliger blyplek", in *Vaalweekblad*, 12.06.1985; Sien ook hoofstuk 7, Noodplanne van Vaaldriehoekse dorpe en stede.

<sup>8</sup> Anon, "Kommentaar: 1980 het geen plek vir pessimisme", in *Vaalweekblad*, 04.01.1980.

<sup>9</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1994), p. 20; Anon, "Steenkool laat die myndorpie groei", Bylaag in *Transvaler*, 26.05.1982.

<sup>10</sup> Anon, *Nywerheidstad Vereeniging aan die Vaal* (Brosjoure oor Vereeniging, s.j., s.u), p. 11; Vgl. ook Encarta 97 1988-1996, Microsoft corporation.

<sup>11</sup> P. Laurence, "News: SA rapidly growing blacker and younger", in *Star*, 04.07.1990; H. Gildenhuys, "Should we stay, or go?", in *Pretoria News*, 15.07.1993.

Bophelong, Sharpeville, Sebokeng en Zamdela het deel van die Vaaldriehoek uitgemaak. Die Kleurling dorp Rust-ter-Vaal en die Indiër dorp Roshnee het ook deel van die streek uitgemaak.<sup>12</sup> Die Vaaldriehoek het teen 1985 'n gesamentlike bevolking van 1 281 316 gehad.<sup>13</sup>

### 1.3 DIE YSTER- EN STAALNYWERHEDE VAN DIE VAALDRIEHOEK

Die industriële opkoms van dié streek was grotendeels aan die teenwoordigheid van die Unie Staalkorporasie (USCO) te danke. Die teenwoordigheid van USCO en Stewards & Lloyds (S&L) het aanverwante nywerhede na die Vaaldriehoek gelok; sodoende is 'n belangrike bydrae tot die industrialisering van die Vaaldriehoek gelewer.<sup>14</sup> Met Vereeniging as middelpunt, het die Vaaldriehoek mettertyd tot 'n nywerheidsreus ontwikkel.<sup>15</sup> Vaaldriehoekse nywerhede het gedurende die Tweede Wêreldoorlog, as gevolg van die produksie van wapens, getoon dat die streek strategies belangrik is.<sup>16</sup> Teen die sestigerjare is daar gehoop dat die Vaaldriehoek mettertyd op dieselfde vlak as nywerheidstreke soos die Ruhr gebied in Duitsland, die Pittsburg-gebied in die VSA en die Birmingham gebied in Brittanje geplaas kon word.<sup>17</sup>

Die vernaamste staalfabrieke in die streek word vervolgens genoem: McKinnon Chain het reeds in 1935 met produksie in Vereeniging begin terwyl die Afrika Metale Korporasie (AMCOR) in 1937 gestig is.<sup>18</sup> Broderick Ingenieurswerke wat

<sup>12</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad* (D.Phil., PU vir CHO, 1983), p. 76: Vgl. J. Meintjes, *Sasol 1950-1975* (Cape Town, Tafelberg, 1975), p. 7.

<sup>13</sup> C.W. Guest, *Die ontwikkelingsgeskiedenis van die Unie-Staalkorporasie van Suid-Afrika (USKO), 1911-1996* (MA, PU vir CHO, 1999), p. 27.

<sup>14</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 259.

<sup>15</sup> M. Milani, " 'n Fees vir en deur die mense", Feesbylaag in *Transvaler*, 16.01.1992.

<sup>16</sup> Anon, "Drie oorloë raak Vereeniging", in *Vaalweekblad*, 05.11.1982; sien ook hoofstuk 12, Wapenvervaardiging gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

<sup>17</sup> P. J. J. Prinsloo, *Yskor Vanderbijlpark-werke 1943-1993* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1993), p. 160; MAV, p. 77, F. W. Guldenpfennig, (64) 14022000, Meyerton.

<sup>18</sup> P. J. J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 264; R. L. Leigh, *Vereeniging*, p. 184.



**Illus. 1:** USCO Vaalwerke. Die industriële opkoms van die Vaaldriehoek was aan USCO te danke. USCO het ook 'n wesentlike aandeel in wapenvervaardiging gehad.

**Bron:** S. M. Fourie fotoversameling.



**Illus. 2:** ISCOR Vanderbijlpark. Sy belangrike aandeel in die landseconomie het aan hom 'n strategiese waarde verleen.

**Bron:** S. M. Fourie fotoversameling.

later deel van die Dorman Long en Vanderbijl Ingenieurskorporasie (DORBYL) groep geword het, is in 1939 in Vereeniging gestig.<sup>19</sup> Nog staalfabrieke is ná die Tweede Wêreldoorlog in die Vaaldriehoek gestig, of het in die streek kom vestig. Die Vanderbijl Ingenieurskorporasie (VECOR) is in 1945 gestig as 'n resultaat van die vertroue in Suid-Afrika om as 'n nywerheidsland te ontwikkel. In 1947 is Dorman Long Corporative gestig. Irvine Chapman het hom in Julie 1950 op Vereeniging gevestig en Metal Box in 1952 op Vanderbijlpark.<sup>20</sup>

Alhoewel ander nywerhede in die Vaaldriehoek ook 'n belangrike rol in die ekonomiese ontwikkeling van die Vaaldriehoek gespeel het, het ISCOR sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n oorheersende rol in die verdere industriële ontwikkeling van dié streek gespeel.<sup>21</sup> Dit is interessant om daarop te let dat die *Yster- en Staalnywerheidswetsontwerp* tydens die parlamentsitting van 1927 deur die minister van verdediging ingedien is.<sup>22</sup> Dit was vanweë sy belangrike rol in die landseksonomie dat ISCOR 'n strategiese waarde verkry het.<sup>23</sup> ISCOR het daartoe bygedra dat Suid-Afrika 'n nywerheidsreus in Afrika kon word. Teen die einde van 1977 is die volgende mening gehuldig:

In the light of South Africa's current situation – with an arms embargo, possible trade sanctions and other measures – the need to keep Iscor's wheels turning becomes all the more important.<sup>24</sup>

Die destydse minister van mynwese, omgewingsbeplanning en energie, F.W. de Klerk, het tydens 'n besigtigingstoer van ISCOR Vanderbijlpark in November 1979, daarna verwys dat daar magte was wat beplan het om die Suid-Afrikaanse ekonomie te saboteer. Hy het gemeen dat ISCOR 'n belangrike rol in die

---

<sup>19</sup> R. L. Leigh, *Vereeniging*, p. 174.

<sup>20</sup> R. L. Leigh, *Vereeniging*, p. 235; P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark*, p. 253.

<sup>21</sup> Anon, "Iscor – the steel giant", in *Vaalweekblad*, 25.08.1989.

<sup>22</sup> P.J.J. Prinsloo, *Yskor Vanderbijlpark-werke 1943-1993*, p. 15.

<sup>23</sup> Anon, "Kommentaar: 1980 het geen plek vir pessimisme", in *Vaalweekblad*, 04.01.1980.

<sup>24</sup> Anon, "Finance: Steel in the red", *To the Point*, 6(47), 25.11.1977, p. 62.

weerbaarmaking van die land gespeel het.<sup>25</sup> Tydens die inwyding van die nuwe hoofkwartier van die Iscor Kommando in November 1981, het die hoofbestuurder van ISCOR, John Riddell, gemeen dat ISCOR as strategiese nywerheid 'n mikpunt vir die diaboliese planne van vyande was wat verwarring en chaos in Suid-Afrika wou bewerkstellig.<sup>26</sup> Tydens dieselfde geleentheid het die minister van verdediging, genl. Magnus Malan, daarna verwys dat die ISCOR Vanderbijlpark aanleg 'n strategiese aanvalspunt was.<sup>27</sup> Die bydrae van ISCOR tot staalproduksie het meegebring dat Suid-Afrika as 'n gerekende moondheid beskou kon word.<sup>28</sup>

Teen 1974 was Suid-Afrika die enigste werklike staalprodusent in Afrika. ISCOR het meer as twee derdes van Suid-Afrika se staal geproduseer.<sup>29</sup> Die yster- en staalindustrie in Suid-Afrika het die land se plek as 'n streeks nywerheidsmoondheid bevestig. Sonder sy groot en groeiende nywerheidsektor sou die land meer kwesbaar vir boikotte en minder selfvoorsienend wees.<sup>30</sup>

#### **1.4 DIE VAALDRIEHOEK AS ENERGIETROUW**

Betekenisvolle steenkoolneerslae, die SASOL-aanleg en die konsentrasie van kragentrales het aan die Vaaldriehoek 'n belangrike plek as energietrouw gedurende die twintigste eeu verleen.

---

<sup>25</sup> Anon, "Yskor kan help om land weerbaar te maak", in *Vaalweekblad*, 16.11.1979.

<sup>26</sup> Anon, "Kommandonuus: Yskor-kommando op sy hoede vir Rooi gevaar", *Paratus*, 32(11), November 1981, p. 34.

<sup>27</sup> Anon, "Terro-teiken is veilig, paraat", in *Vaalweekblad*, 18.08.1981.

<sup>28</sup> A. Harrigan, *Red Star over Africa* (Johannesburg, Nasionale Boekhandel, 1964), p. 53.

<sup>29</sup> Anon, *Africa's powerhouse: The South African economy – a pictorial ensemble* (Sandton, African international publishing, 1974), p. 13.

<sup>30</sup> R. I. Rotberg, *Suffer the future: Policy choices in Southern Africa* (London, Harvard, 1980), pp. 97, 99.

### 1.4.1 STEENKOOL

Die voorkoms van groot en goedkoop steenkool en ysterreserwes in en naby die Vaaldriehoek het daartoe bygedra dat hoë kwaliteit staal teen 'n relatief lae koste vervaardig kon word.<sup>31</sup> Derhalwe moet die bydrae van die primêre sektor tot die ekonomiese ontwikkeling van Vereeniging as moederstad van die Vaaldriehoek nie onderskat word nie, aangesien die voorsiening van basiese grondstowwe deur die landbou en mynbou, die industrialisasie van die Vaaldriehoek versnel het.<sup>32</sup>

Die energiekrisis van 1973 het getoon dat steenkool 'n belangrike minerale bron was en 'n sleutelrol in die verdere ontwikkeling van die myne en fabriekes gespeel het. In 1973 het steenkool soveel as 76,2 persent van die primêre energiebronne in Suid-Afrika uitgemaak.<sup>33</sup> Die *Vereeniging & Vanderbijlpark News* het onmiddellik ná die energiekrisis van 1973 berig dat die strategiese waarde van die steenkoolneerslae in die Vaaldriehoek nie genoeg beklemtoon kon word nie.<sup>34</sup> Ongeveer 90 persent van die land se elektrisiteit is deur middel van die verbranding van steenkool opgewek. Sodoende is die behoefte aan buitelandse petroleum teengewerk.<sup>35</sup> Steenkool het as te ware die land se wiele laat draai.<sup>36</sup> Teen 1987 het steenkool in meer as 80 persent van Suid-Afrika se energiebehoefte in die vorm van elektrisiteit en vloeibare brandstof voorsien.

---

<sup>31</sup> J. J. Breitenbach, *South Africa in the modern world 1910–1970* (Pietemarienburg, Shuter & Shooter, 1977, hers. Uitg.), p. 427.

<sup>32</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 246; Vgl. ook Anon, "Vaaldriehoek word nywerheidshartland en maak SA meer selfstandig", in *Vaalweekblad*, 06.07.1984.

<sup>33</sup> W.C.J. van Rensburg & D.A. Pretorius, *South Africa's strategic minerals: Pieces on a continental chess board* (Johannesburg, Valiant, 1977), p. 49.

<sup>34</sup> Anon, "Vereeniging was built on coal", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 19.04.1974.

<sup>35</sup> R. I. Rotberg, *Suffer the future*, p. 117; Vgl. ook S. van Ketel, "Namibië: Zwarte dag voor rode Swapo", *Elseviers*, 34(50), 16 Desember 1978, p. 87.

<sup>36</sup> Anon, "Oil sanctions", *Financial Mail*, 30 September 1979, p.1250; Vgl. ook C. Dönhoff, "Das Südliche Afrika und die Welt-Energiekrise", *Afrika Post*, 21(2), Februarie 1974, p. 43.

Ander sektore wat steenkool gebruik het, was die mynweese, gasprodusente, vervoerdienste, huishoudings en verskillende nywerhede.<sup>37</sup> SASOL I het sy steenkool van die Sigma Steenkoolmyn naby Sasolburg verkry.<sup>38</sup>

#### 1.4.2 BRANDSTOFVERVAARDIGING

Brandstof is as noodsaaklik vir elke sektor van die ekonomie beskou.<sup>39</sup> SASOL en die Nasionale Petroleum Raffinadery van Suid-Afrika (NATREF) was destyds twee van die belangrikste aanlegte in die land. Die beskerming van dié twee sleutelpunte kon nie oorbeklemtoon word nie, omdat dit die lewensaar van die land was.<sup>40</sup> SASOL I het in 1955 met strategiese oogmerke tot stand gekom sodat Suid-Afrika minder afhanklik van ingevoerde olie kon wees.<sup>41</sup> SASOL I op Sasolburg was die ruggraat van die SASOL-groep.<sup>42</sup> Vir die raffinering van ingevoerde olie is daar 'n pyplyn aangelê wat ru-olie vanaf die kus na Sasolburg vervoer het.<sup>43</sup>

Die bykomstige verpligting van SASOL het in 1971 tot die stigting van NATREF aanleiding gegee. Die oliekrisis van 1973 het gelei tot die aankondiging dat SASOL II beplan word.<sup>44</sup> Die waarde van SASOL is tydens die oliekrisis van

---

<sup>37</sup> Pamflet: Escom, "Eskom en Suid-Afrika se steenkoolreserwes", Databank, nr. DB/AP/6 Hersien, Mei 1987.

<sup>38</sup> Anon, "Sigma laat die NOSA-stelsel vir hom werk", *Safety Management*, 16(8), Augustus 1990, p. 33; SASOL, *SASOL: 50 years of innovation* (SASOL, Sasolburg, 2000), p. 12.

<sup>39</sup> J. vd B. Breedts, "Brandstofsituasie in Suid-Afrika(1): Die hede, die verlede en toekoms", *Paratus*, 30(3), Maart 1979, p. 26.

<sup>40</sup> Anon, "Sasol-kommando", *Paratus*, 30(8), Augustus 1979, p. 19. Vgl. ook MAV. p. 20. 06072000, Malan, M de M (69) Pretoria; MAV. p. 22. 28072000, Viljoen, C., (66) Pretoria.

<sup>41</sup> L.P. van den Berg, Groep uitvoerende bestuurder: Energie administrasie en bestuursdienste van die Nasionale Energieraad, "Brief: How Sasol operates" in *Citizen*, 07.10.1991.

<sup>42</sup> Anon, "Technik und Wirtschaft: Sasol weiter erfolgreich", *Star* van 21.02.83 in *Südafrikanischer Digest*, Nr.5, 23 Maart 1983, p. 3; Anon, "Sasolburg steeds groeipunt van SA chemiese nywerheid", in *Vaalweekblad*, 24.08.1984.

<sup>43</sup> Anon, "Sasol steeds groeipunt van SA chemiese nywerheid", in *Vaalweekblad*, 24.08.1984.

<sup>44</sup> Anon, "Natref was a milestone and now comes Sasol 2", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 07.03.1975.

1972/73 bewys. Suid-Afrika kon op sy eie bronne staatmaak.<sup>45</sup> Terwyl die Weste probeer het om sy afhanklikheid van Arabiese olie te verminder, het Suid-Afrika ook probeer om onafhanklik van buitelandse oliebronne te word deur die uitbreiding van sy eie industrie van olie uit steenkool.<sup>46</sup> Die vervaardiging van brandstof uit steenkool het die Suid-Afrikaanse ekonomie baie sterk ondersteun.<sup>47</sup>

Teen 1976 het SASOL I in sewe persent van die totale petroleumbehoeftes van Suid-Afrika voorsien, terwyl 90 persent van Suid-Afrika se petroleum behoeftes deur olie uit Iran bevredig is.<sup>48</sup> Tydens die amptelike opening van die Sasolburg skou op 31 Maart 1978 het die minister van buitelandse sake, openbare werke en immigrasie, mnr. A.L. Schlebusch, gemeen dat Sasolburg vinnig besig was om 'n strategiese en ekonomiese reus in die volkshuishouding te word.<sup>49</sup> Na die onttroning van die Sjah van Iran in 1979, is die oprigting van SASOL III aangekondig.<sup>50</sup> Alhoewel die brandstofprys met 20 persent verhoog is, is daar tog gemeen dat Suid-Afrika selfs 'n totale olieboikot sou kon oorleef.<sup>51</sup>

Brandstof en olie was van groot belang vir die mobiliteit en slagvaardigheid van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW).<sup>52</sup> Die rol van brandstofvoorsiening binne

---

<sup>45</sup> Anon, "Besuch beim Chemie-Giganten Sasol: Mehr als nur technische Wunderwelt", in *Südafrika Zeitung*, Januarie 1989; A. Meijer, "Minister Owen Horwood voorspeld: Z.-Afrika ekonomisch wonder jaren tachtig", in *De financiële Telegraaf*, 31.01.1981.

<sup>46</sup> Anon, "Südafrika setzt auf Kohlebenzin", *Rhein-Zeitung* van 28.02.1979 in *Südafrika im Spiegel der Presse '79*, Jgng 16, p. 1; Anon, "Sorgen um die künftige Ölversorgung", *Neue Westfälische in Südafrika im Spiegel der Presse '79*, Jgng 16, p. 1.

<sup>47</sup> Anon, "Sasol se vermoë om brandstof te vervaardig dra só by", in *Sake-Beeld*, 31.07.1997.

<sup>48</sup> R.I. Rotberg, *Suffer the future*, pp. 120,118.

<sup>49</sup> Anon, "Minister open Sasolburgskou: Goedkoop voedsel is iets van verlede", in *Vaalweekblad*, 07.04.1978.

<sup>50</sup> Anon, "Sasol steeds groeipunt van SA chemiese nywerheid", in *Vaalweekblad*, 24.08.1984; Anon, "Gesiedenis 'n suksesverhaal", Sasol bylae in *Beeld*, 28.04.1989, p. 2.

<sup>51</sup> S. Orpen, "Business: South Africa, 1990, R20 000 million for oil from coal?", *To the Point*, 8(9), 2 Maart 1979, p. 37.

<sup>52</sup> J. vd B. Breedts, "Brandstofsituasie in Suid-Afrika(1): Die hede, die verlede en toekoms", *Paratus*, Maart, 30(3) 1979, p. 26.

die destydse verdedigingsopset was sodanig dat die minister van ekonomiese sake ingevolge die *Voorsiening van Petroleum- en die Nasionale Verskaffingswette* van 1977 aan die verskillende oliemaatskappye kon voorskryf hoe om olie aan die regering vir verdedigingsdoeleindes te verkoop, sou dit blyk nodig te wees.<sup>53</sup> SASOL was ook met die vervaardiging van springstof gemoeid.<sup>54</sup> Deur die uitbreiding van SASOL is verseker dat die weermag brandstof sou hê. Gesien in die lig van die destydse intemasionale ekonomiese en politieke boikotaksies, was die grootste moontlike vlak van selfversorging nodig.<sup>55</sup>

SASOL is as 'n effektiewe ekonomiese wapen gesien en was ook 'n poging tot ekonomiese weerbaarmaking.<sup>56</sup> Ses Amerikaanse kongressionele afvaardigings het Suid-Afrika in April 1980 besoek. Daar is hoofsaaklik op energiesake en strategiese sake soos die beleid van die Suid-Afrikaanse regering gefokus. Die aantrekkingskrag was SASOL, terwyl min aandag aan die Kaapse seeroete gegee is.<sup>57</sup> Dit was juis vanweë hulle strategiese posisie dat SASOL I en II in Junie 1980 aangeval is.<sup>58</sup>

### 1.4.3 KRAGSTASIES

Elektriese krag vir die PWV-gebied, is deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM) –kragstasies voorsien. 'n Hele aantal van dié kragstasies

---

<sup>53</sup> R. I. Rothberg, *Suffer the future...*, p. 121.

<sup>54</sup> Anon, "Sasol is en bly uniek", in *Vaalweekblad*, 21.11.86.

<sup>55</sup> Anon, "South Africa pins its hopes on Sasol II", *To the Point*, 6(3), 21 January 1977, p. 10; J. Poorter, "Editorial: Two big challenges", *To the Point*, 21 January 1977, p. 19; Anon, "Sasol II sal SA meer onafhanklik maak", in *Vaalweekblad*, 08.04.1977.

<sup>56</sup> V. Schuster, "Der Silberstreif am Horizont", in *Der Wochenspiegel für das Südliche Afrika*, 09.03.1979; Anon, "Südafrika bleibt ein Machtfaktor: Der Reichtum an strategischen Rohstoffen schützt das Land", in *Deutsche Wochen-Zeitung*, 23.07.1982, p. 5; Anon, "Perskommentaar: SAUK: Brandstof en ekonomiese weerbaarheid", *SA Oorsig*, 6 Maart 1987, p. 19.

<sup>57</sup> C. Birkby, "South Africa: Capitol policy-makers looking this way", *To the Point*, 9(14), 4 April 1980, p. 17.

<sup>58</sup> H.R. Pike, *A history of communism in South Africa* (Germiston, Christian Mission International of South Africa, 1985), p. 479; sien ook hoofstuk 2, die SASOL-operasie.

het in die Vaaldriehoek voorgekom.<sup>59</sup> Die kragstasies het ook aan die landwyse kragnetwerk elektrisiteit voorsien.<sup>60</sup>

Die waarde van die Vereenigingse steenkoolveld en die van die Vaalrivier is kort na die Anglo-Boereoorlog besef, toe die aanvraag van elektrisiteit op die Witwatersrand toegeneem het.<sup>61</sup> Die eerste kragstasie in die Vaaldriehoek was die Vereenigingse kragstasie wat in 1912 op die walle van die Vaalrivier deur die Victoria Falls Transvaal Power Company (VFTPC) opgerig is.<sup>62</sup> Die oprigting van dié kragstasie is beskou as 'n stap in die rigting van 'n 'Suid-Afrikaanse Sheffield' op die Vaalrivier.<sup>63</sup> Die oprigting van die Klip kragstasie in 1936 het meegebring dat die hele munisipale gebied van Vereeniging met 'n hoogspanningsnetwerk voorsien is. Die Klip kragstasie was by voltooiing die grootste stoomaangedrewe kragstasie in die suidelike halfgrond.<sup>64</sup>

Die Vaal kragstasie is in 1939 beplan om in die elektrisiteitsaanvraag van die goudmyne te voorsien.<sup>65</sup> Die voordeel van dié ontwikkeling was dat die nywerhede in Vereeniging nou deur ESKOM van krag voorsien kon word.<sup>66</sup> In 1959 is Highveld, die laaste van die streek se kragstasies vir die volgende drie dekades, opgerig. Daarmee is die grootste konsentrasie van kragstasies tot in daardie stadium in Suid-Afrika voltooi.<sup>67</sup> Uiteindelik was daar 'n groot konsentrasie van kragstasies in die Vaaldriehoek. Teen 1985 was vyf krag-

---

<sup>59</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 172.

<sup>60</sup> Anon, "Die Vaaldriehoek", *Panorama*, 17(11), November 1972, p. 16.

<sup>61</sup> A.J. Morgan, *A symphony of power: The Eskom story* (Johannesburg, C. van Rensburg, 2000), p. 29.

<sup>62</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 172.

<sup>63</sup> A.J. Morgan, *A symphony of power*, p. 36.

<sup>64</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 261.

<sup>65</sup> *Ibid.*

<sup>66</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 172.

<sup>67</sup> R.I. Leigh, *Vereeniging*, p. 96.

sentrales nog in die Vaaldriehoek operasioneel.<sup>68</sup> Die laaste kragstasie wat in die Vaaldriehoek opgerig is, was Letabo wat in 1982 in gebruik geneem is.<sup>69</sup>

#### 1.4.4 DIE BETEKENIS VAN DIE VAALDRIEHOEK AS ENERGIEPRODUSENT

In 1974 is die prys van ru-olie met meer as 200 persent verhoog. Die stap het lande wat olie op groot skaal as 'n energiebron gebruik het, nadelig getref. Aangesien die Suid-Afrikaanse nywerhede hoofsaaklik elektrisiteit as kragbron gebruik het, is die basiese vervaardigingsproses nie sterk deur die stap geraak nie.<sup>70</sup> Die konsentrasie ESKOM-kragentrales in die Vaaldriehoek het 'n groot deel van die elektrisiteit van die PWV-gebied gelewer.<sup>71</sup> Die oprigting van Letabo het 'n hupstoot aan die nywerheidsektor van die Vaaldriehoek gegee en voordele vir die hele PWV-gebied ingehou.<sup>72</sup>

ESKOM het deur die voorsiening van elektrisiteit gehelp om die staal van die Vaaldriehoek te smee.<sup>73</sup> Die rol van ESKOM in die voorsiening van elektrisiteit aan nasionale sleutelpunte (NSP'e) deur die hele PWV-gebied kon kwalik onderskat word.<sup>74</sup> Vaaldriehoekse kragentrales is ook by ESKOM se nasionale kragnetwerk ingeskakel.<sup>75</sup> Die tydskrif van die weermag, *Paratus*, het berig dat

---

<sup>68</sup> Pamflet: Escom, "Eskom se kragstasies en die nasionale net", *Databank*, nr. DB/AP/5, Augustus 1985, p. 1.

<sup>69</sup> Vgl Anon, "Coal is part of town's history", in *Vereeniging 100, Supplement to the Star*, 15.04.1992, p. 6; Vgl. ook A.J. Morgan, *A symphony of power*, p. 235.

<sup>70</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 274; Vgl. ook Anon, "Vereeniging's economy was built on coal", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 19.04.1974.


<sup>71</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 276.

<sup>72</sup> Anon, "Kommentaar: Drie reuse bring nuwe groei in Vaaldriehoek", in *Vaalweekblad*, 22.05.1987; Anon, "Miljoene rande vir nuwe kragstasie", in *Vaalweekblad*, 25.07.1980; Anon, "kommentaar: Kolos hou baie voordele vir Vaal", in *Vaalweekblad*, 19.02.1982.

<sup>73</sup> Monitor, "Eskom nou kragbron van wêreldformaat", in *Vaalweekblad*, 02.04.1982; Anon, "Kragstasieveiligheid: Letabo maak weer so", *Veiligheidsbestuur*, 16(3), Maart 1990, p. 22.

<sup>74</sup> Direkoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt Wit, Groep 2, Houer 420, nr. 304/1/2, Gebeurlikheidsbeplanning SAW: Minutes of a Witwatersrand Command region contingency planning conference held at drill hall on 13 July 1977 at 09h00: WIT/SIG/304/1; Vgl. ook MAV, p. 100. 03.04.2000, Klopper R., (72), Vanderbijlpark.

<sup>75</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 115; Vgl. ook Pamflet: Escom, "Eskom se kragstasies en die nasionale net", *Databank*, nr.DB/AP/5, Augustus 1985, p. 3.



Kaart 2: Die infrastruktuur van die Vaaldriehoek.  
 Bron: A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad* (D.Phil. -proefskrif, PU vir CHO, 1983).



Illus. 3: Die SASOL I-aanleg. Brandstofvervaardiging het 'n strategiese waarde aan SASOL verleen.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 4: Die Vaaldam. Die feit dat die dam die hoofwaterskaffer vir die PWV-gebied was, het hom strategies belangrik gemaak.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*

ESKOM die hartslag van die land was omdat huishoudings en nywerhede van elektrisiteit afhanklik was.<sup>76</sup>

## 1.5 DIE INFRASTRUKTUUR VAN DIE VAALDRIEHOEK

Infrastruktuur beklee 'n belangrike plek in oorlogvoering. In militêre handleidings van die SAW is die noodsaaklikheid destyds beklemtoon dat militêre eenhede van 'n sekere gebied infrastruktuur in operasie-kamers op kaarte moes aandui. Hoofverbindingsweë, vliegvelde, spoorlyne, watervoorsiening, nywerhede, hoofkraglyne, telekommunikasie-verbindings en nasionale sleutelpunte was belangrike skakels.<sup>77</sup> Sulke aspekte is as waarskynlike teikens vir sabotasie in oorlogstoestande gesien.<sup>78</sup> Die vernietiging van infrastruktuur kon 'n negatiewe uitwerking op die moreel van die publiek hê.<sup>79</sup>

### 1.5.2 WATERBRONNE

Die Rand Waterraad was een van die faktore wat industrialisasie in die Vaaldriehoek gestimuleer het. Waterverskaffing as 'n noodsaaklikheid vir ontwikkeling is verseker met die stigting van die Rand Waterraad in 1903.<sup>80</sup> Die bou van die Barrage, 1916-1923, onderkant Vereeniging het plaaslike handel, industriële ontwikkeling, die landbou en stedelike uitbreiding bevorder en die strategiese waarde van die Vaaldriehoek beklemtoon.<sup>81</sup> Mettertyd het die Vaalrivier die slagaar van die Witwatersrand geword.<sup>82</sup>

---

<sup>76</sup> Anon, "Kommandonuus: Evkom laat die vonke spat", *Paratus*, 33(10), Oktober 1982, p. 37.

<sup>77</sup> Anon, *Teeninsurgensie-operasiehandleiding: Eenheid/sub-eenheidsvlak: Deel 2 Gebiedsbeskerming* (Pretoria, 1 drukregiment, 1986), p. 2/2-2.

<sup>78</sup> Vgl. H. Strydom, *The fourth Reich* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1990), p. 14.

<sup>79</sup> Anon, *Aide memoire: Basiese opleiding* (Pretoria, SA Leër hoofkwartier, s.j.), p. 1-4.

<sup>80</sup> P.J.J. Prinsloo, *Geskiedenis van Vereeniging*, p. 262.

<sup>81</sup> J. W. N. Tempelhoff, "Time and the river: Observations on the Vaal River as source of water to the Witwatersrand 1903-24", *Historia*, 46(1), Mei 2001, p. 257.

<sup>82</sup> R. L. Leigh, *Vereeniging*, p. 154; Anon, "Spaar 'n liter water vir later" in *Vaalweekblad*, 08.06.1979.

Die bou van die Vaaldam in 1934 het die watervoorraad van die PWV-gebied aangevul.<sup>83</sup> Na die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die vraag na water as gevolg van naoorlogse nywerheidsuitbreiding skerp gestyg. Die Suikerbos pompstasie is in 1954 in werking gestel.<sup>84</sup> Die Langerant reservoir het Sebokeng bedien en het ook 'n opgaarvermoë aan Vereeniging en Vanderbijlpark verskaf.<sup>85</sup> Die Vereeniging pompstasie het water aan die hele Vaaldriehoek voorsien.<sup>86</sup>

Die Rand Waterraad was vir die verspreiding van water in die PWV-gebied verantwoordelik.<sup>87</sup> Hierdie instansie het water aan 'n gebied verskaf wat gestrek het vanaf Sasolburg tot Pretoria en van Bethal tot in Carletonville en Rustenburg. Dit is ook in hierdie area waar 60 persent van die land se nywerheidsproduksie en een derde van sy landbouproduksie vandaan gekom het.<sup>88</sup>

Die Vaaldam en die Vaalrivier-Barrage-gebied het aan die Vaaldriehoek nywerheidswater, drinkwater en besproeiingswater gebied.<sup>89</sup> Die nywerhede in die Vaaldriehoek, veral SASOL I, NATREF en ISCOR, was vir 'n hoë waterverbruik verantwoordelik.<sup>90</sup> Verskillende projekte is aangepak om die volume van die Vaalrivier-stelsel te vermeerder. Die Tugela-Vaal projek het die

---

<sup>83</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 173.

<sup>84</sup> R. L. Leigh, *Vereeniging*, p. 163.

<sup>85</sup> Anon, *Randwaterraad jaarverslag 1981*, p. 13.

<sup>86</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 268.

<sup>87</sup> Anon, *Brosjyre: Randwaterraad*, pp. 13, 14; Vgl. ook R.J. Laburn, *The Rand Water Board: 1903-1978 a treatise in the Rand Water Board with specific reference to its responsibilities achievements and policies during 75 years of operation* (Johannesburg, Rand Waterraad, 1979), p. 40.

<sup>88</sup> Anon, "Die Vaaldriehoek oor 10 jaar: Vaaldam sal nog water moet invoer", in *Vaalweekblad*, 13.05.1980; Anon, "R451-m to improve quality of water", in *Vaal Ster*, 06.07.1984; Vgl. ook C. Groenewald, "Water vir miljoene", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 28(9), September 1983, p. 20.

<sup>89</sup> Anon, "Vaaldriehoek word nywerheidshartland en maak SA meer selfstandig" in *Vaalweekblad*, 06.07.1984.

<sup>90</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 121.

volume van die Vaalrivier verdrievoudig.<sup>91</sup> Die ander skema waardeur die volume van die Vaalrivier aangevul is, was die Lesotho Hoogland-skema wat destyds nog in 'n beplanningsfase was.<sup>92</sup>

Die minister van waterwese, bosbou en van behuising en werke, genl. Magnus Malan, het in Augustus 1992 met die opening van die uitbreidings van die suiweringsaanleg van die Rand Waterraad in Vereeniging die belangrikheid van dié instansie beklemtoon.<sup>93</sup>

### 1.5.3 LUGVAART

Alhoewel daar verskillende lughawens en landingstroke in die Vaaldriehoek was, was die lughawe in Vereeniging die belangrikste in die tydperk onder bespreking. Daar moet egter in gedagte gehou word dat alle landingstroke en lughawens van militêre betekenis was.<sup>94</sup> Die Vereenigingse lughawe het voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n bepaalde ekonomiese en militêre betekenis gehad. Lugvaartfasiliteite was vir 'n vinnig ontwikkelende nywerheidsdorp soos Vereeniging onontbeerlik. Gedurende 1933 het Vereeniging Estates 'n vliegveld aan die westekant van die dorp aangelê.<sup>95</sup> Die vliegveld in Vereeniging was gedurende die Tweede Wêreldoorlog 'n Britse lugmagbasis, waar 22-Lugskool gestasioneer was.<sup>96</sup> Die Vaaldam het tussen 1940 en 1950 as landingsplek vir

---

<sup>91</sup> G. Barrel, "Business: Slaking the nations thirst", *To the Point*, 9(13), 28 Maart 1980, p. 38.

<sup>92</sup> Anon, "Perskommentaar: Allerlei: SAUK sake van die dag: Die Hooglandprojek" *SA Oorsig*, 5 November 1982; Vgl. J.P. van Brakel, *Water as beperkende hulpbron in die ontwikkeling van Suid-Afrika* (Potchefstroom, PU vir CHO, 1984), pp. 24-31 & 36-38.

<sup>93</sup> Anon, "Minister warns towns not paying water bills", in *Citizen*, 11.08.1992, p. 12; MAV, p. 20. 06061999, Malan, M. de M, (69) Pretoria.

<sup>94</sup> MAV, p. 22 . 280799, Viljoen, C.J., (66) Pretoria.


<sup>95</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 303.

<sup>96</sup> A. Notton, "Brief: Ex-RAF man seeks former friends", in *Vaal Ster*, 17.05.1985; Vgl.ook P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 303.



Illus. 5: 'n Solent vliegboot op die Vaaldam uit die dae toe die Vaaldam nog 'n vliegveld was, 1940-1949.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 6: 22-Lugskool op Vereeniging tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Bron: D. Becker, W. Brent, *AT-6 Harvard in South African service* (Freeway publications, Nelspruit, 1995), p. 10.

Solent-vliegbote gedien.<sup>97</sup> Die vliegbootbasis op dié dam het nou met 22-Lugskool in Vereeniging saam gewerk.<sup>98</sup>

Die vliegveld in Vereeniging het vanweë die uitbreiding van die dorp en die bou van die deurpad deur die aanloopbaan in onbruik verval.<sup>99</sup> Die nuwe Vereenigingse lughawe is in 1976 aangelê met die doel om as 'n landingsfasiliteit te dien, indien die landingsfasiliteite aan die Rand weens slegte weer nie toeganklik sou wees nie. Fasiliteite by die Vereenigingse vliegveld, soos elektriese ligte, 'n teeraanloopbaan en 'n heliport het 'n besondere betekenis aan dié vliegveld verleen.<sup>100</sup>

Die vliegveld is amptelik op 31 Mei 1977 deur die minister van verdediging, mnr. P.W. Botha, geopen.<sup>101</sup> Die teenwoordigheid van militêre hooggeplaastes soos genl. maj. R.F. Holtzhausen, lt.genl. H.A. Kotze (hoof van staf logistiek) en genl. maj. E.A.C. Pienaar (hoof van lugstaf-operasies) as eregaste tydens die geleentheid, kan die vermoede laat ontstaan dat die lughawe ook van militêre betekenis moes wees.<sup>102</sup> Die belangrikheid van die lughawe het toegeneem, want teen die middel van 1984 is ook 'n radiobaken by die lughawe opgerig.<sup>103</sup>

Volgens die destydse voorsitter van die bestuurskomitee van die Vereeniging lughawe, mnr. Kingsley Bell, kon Impala vegvliegtuie en Boeing 727-vliegtuie op dié lughawe land. Die moontlikheid is in 'n stadium oorweeg om 'n lugmag-

<sup>97</sup> Sentrale argief bewaarsplek (SAB), Pretoria, GES, 2400, Verwysing 249/38, Vaaldam Airport, Aircraft operations 30.09.1950; SAB, Pretoria, Bron GES, Band 2400, Verwysing DGAS(C) 824/418, Aerodromes: Vaaldam marine air base, Provisional: Vaalbank dam (inligting oor landingsplek).

<sup>98</sup> SAB, Pretoria, GES, 2400, Verwysing DGAS(C) 824/418, Aerodromes: Vaaldam marine air base, Provisional: Vaalbank dam (inligting oor landingsplek).

<sup>99</sup> Anon, "Vereeniging airfield ready for use soon", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 19.12.1975.

<sup>100</sup> Anon, "Ons is nou sterker sê minister", in *Vaalweekblad*, 10.06.1977.

<sup>101</sup> *Ibid.*

<sup>102</sup> Anon, "20 000 herdenk Vrede en open lughawe", in *Vaalweekblad*, 10.06.1977.

<sup>103</sup> Anon, "Radiobaken opgerig", *Vaal Ster*, 03.08.1984, p. 3.

kommandobasis by die lughawe tot stand te bring. So 'n basis sou tot die voordeel van die inwoners van die Vaaldriehoek strek. Sulke fasiliteite sou ook vir militêre opleiding en vir parades aangewend kon word.<sup>104</sup> Daar het reeds in die sestigerjare 'n stelsel van kommando-eskaders ontstaan en die lughawe kon sy fasiliteite tot die beskikking van sulke eskaders stel.<sup>105</sup> Die motief agter die idee om die lugmag te betrek, was ekonomies van aard. Die stadsraad van Vereeniging het die koste verbonde aan die lughawe, soos water en ligte, gedra. Indien die lugmag betrokke sou raak, sou die staat die koste oorneem. Die redes waarom die lugmag besluit het om nie die lughawe oor te neem nie, was omdat die enigste toegangsroete deur 'n Indiër-woonbuurt geloop het en daar geen direkte aansluiting by die snelweg (R59) was nie. Die kraglyne naby aan die aanloopbaan het ook 'n potensiële gevaar ingehou.<sup>106</sup>

Vredesinisiatiewe teen die begin van die negentigerjare in Suider-Afrika, het 'n klemverskuiwing van die militêr- na die ekonomies-strategiese tot gevolg gehad.<sup>107</sup> Voorgenome ontwikkeling sou kon meebring dat die Vereenigingse lughawe die suidelike lughawe van die PWV-gebied word.<sup>108</sup> 'n Russiese Antonov AN 32-vragvliegtuig het tussen 1990 en 1992 op die lughawe gestaan, sodat vrag vanaf Vereeniging dwarsoor Afrika vervoer kon word. Daar was gerugte in omloop dat dié vliegtuig Vereeniging as basis gebruik het vanwaar wapentuig na Angola vir die *Uniao Nacional para a Independencia Total de Angola* (UNITA) gevlieg sou word.<sup>109</sup> 'n Aanduiding van die strategiese

---

<sup>104</sup> Anon, "Belangrikheid van vliegveld nie altyd besef", in *Vaalweekblad*, 19.11.1982; Anon, "Air commando base for Vereeniging? New committee's plans for airfield", in *Vereeniging & Vanderbijlpark news*, 12.11.1982; Vgl ook MAV, p. 83. Bell, K., 24022000, (60) Vereeniging.

<sup>105</sup> Vgl. R. Nicholson, "Commandos in business suits", *Wings*, 36(6), Junie 1977, pp. 4-6; Vgl. ook Anon, "lugkommando's", *Paratus*, 25(3), Maart 1974, p. 58.

<sup>106</sup> MAV, p. 83. 24022000, Bell, K., (60) Vereeniging.

<sup>107</sup> Anon, "Airport set to put V'ging on SA's aviation map: Extended runway would give Triangle jet-set links with African countrys", in *Vaal Ster*, 27.04.1992.

<sup>108</sup> Anon, "Airport set to put V'ging on SA's aviation map", in *Vaal Ster*, 27.04.1992.

<sup>109</sup> Vgl. S. van den Berg, "Russiese tuig vind tuiste in Ver'ging", in *Vaalweekblad*, 17.07.1992; MAV, p. 84. 24022000, Bell, K., (60) Vereeniging.



Illus. 7: Groep 17 op Vereeniging het oor 'n landingsplek vir militêre helikopters beskik.

Bron: S. M. Fourie fotoversameling.

belangrikheid van die Vereeniging-lughawe was toe Regiment Overvaal tydens 'n oefening in 1995 besluit het om eerder sy lugafweerbatterye dáár, as by die treinbrug oor die Vaalrivier te ontplooi.<sup>110</sup>

Die Vanderbijlpark-vliegveld was die skakel tussen die Vaaldriehoek en Secunda.<sup>111</sup> Vanaf dié vliegveld is daar ook swaar masjinerie per vliegtuig vanaf ander nywerheidsentra na die Vaaldriehoek vervoer.<sup>112</sup> Daar was in die Vaaldriehoek ander landingsplekke, behalwe dié wat hierbo genoem is. Sasolburg het ook oor 'n landingstrook beskik.<sup>113</sup> Die landingstrook van Parys was net buite die dorp geleë.<sup>114</sup> Militêre helikopters het hoofsaaklik by die militêre basis in Vereeniging geland en opgestyg.<sup>115</sup>

Naby Meyerton was daar 'n radiobaken waarvandaan elektroniese seine aan vliegtuie gestuur is. Vliegtuie wat die Johannesburg internasionale lughawe vanuit die ooste, suide en weste genader het, het inligting verkry soos windlae op verskillende hoogtes, eie hoogteposisie, hoe ver om te daal en watter aanloopbaan om te gebruik.<sup>116</sup>

#### 1.5.4 SPOORVERBINDINGS

Die roete tussen Vereeniging en Johannesburg was reeds in die laat negentiende eeu 'n hoofaar in die skakel tussen die goudvelde en die hawens aan die kus. Daar is in Januarie 1890 besluit dat die beste plek vir die oprigting van 'n brug naby die steenkoolmyne van Viljoensdrif sou wees, aangesien

<sup>110</sup> MAV, p.10. 13071998, Zelie, J.C., (45) Vereeniging.

<sup>111</sup> Anon, "Iste geskeduleerde vlugte deur Vaal se eie lugdiens", in *Vaalweekblad*, 09.05.1980.

<sup>112</sup> Anon, "Die vliegveld op Vanderbijlpark word die afgelope tyd al meer deur groter vliegtuie besoek", in *Vaalweekblad*, 21.03.1986.

<sup>113</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 274.

<sup>114</sup> Suid-Afrika, topografiese kaart 1:50 000, PARYS 2627 CD.

<sup>115</sup> Foto, Helikopters op helikopterlandingsplek van Groep 17, S. M. Fourie fotoversameling.

<sup>116</sup> W. C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar ...*, p. 116; Vgl. ook Anon, "Lugruimtes en lugroetes", *Paratus*, 24(12), Desember 1973, p. 11; Anon, *Johannesburg, S. Africa REP. Jeppesen approach chart* (Denver, Jeppesen, 1974), p. 10-1.

verskillende transportpaaie daar saamgeloop het. Die brug is in 1891 in gebruik geneem. Daar is reeds in 1898 besef dat wanneer daar nie verkeersvloei oor die Vaalrivier kan plaasvind nie, die Witwatersrand swaar daaronder gely het.<sup>117</sup> Die spoorlyn tussen die Witwatersrand en die Kaap is as 'n ekonomiese en politiese wapen deur beide pres. Paul Kruger en Cecil John Rhodes gebruik.<sup>118</sup>

Die Boeremagte het die treinbrug gedurende die Anglo-Boereoorlog opgeblaas. Daarna is die brug weer deur die Britse magte herstel. Die spoorwegbrug het ook vir meer as 50 jaar ná die Anglo-Boereoorlog die grootste gedeelte van die spoorverkeer vanaf die suide gedra. Teen die sestigerjare het daar steeds 60 treine per dag deur die stasie van Vereeniging gegaan.<sup>119</sup> Meyerton, Vereeniging en Sasolburg was verbind deur die hoofspoorlyn tussen Johannesburg en Kaapstad.<sup>120</sup> Lande soos Zambië en Zaïre se invoergoedere is vanaf Oos-Londen oor die Vaalrivier by Vereeniging vervoer.<sup>121</sup> Alle groot nywerhede en myne en onmiddellike omliggende dorpe was per spoor verbind wat deur die Vaaldriehoek loop. Vereeniging het die skakelpunt van die Germiston-Bloemfontein-Kaapstadlyne, asook die Johannesburg-Lawley-Sebokeng, Vereeniging-Potchefstroom-Kaapstad- en Redan-Grootvlei-spoorlyne gevorm.<sup>122</sup>

#### 1.5.4 PADVERBINDINGS

Die Vaaldriehoek was met 'n padnetwerk aan verskillende dele van die land verbind.<sup>123</sup> Die padnetwerk rondom Vereeniging is gebou om tred te hou met die

<sup>117</sup> R. L. Leigh, *Vereeniging*, pp. 26, 30.

<sup>118</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 288; F. L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa* (Pretoria, Haum, 1983), p. 104.

<sup>119</sup> R. L. Leigh, *Vereeniging*, p. 94.

<sup>120</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 114.

<sup>121</sup> Anon, "Zambia: behind Kaunda's lifeline gamble", *To the Point*, 7(42), 20 Oktober 1978, pp.10&11; Vgl. ook B. Nicholson, "Sanctions dilemma", in *Star*, 20..05.1981; D. A. S. Herbst, "Others say...: Soviet aggression and bending of realities", *Paratus*, 37(1), Januarie 1986, p. 31; Anon, "SAR&H: Transport diplomacy" *Supplement to Financial Mail*, 26 September 1980, p. 23.

<sup>122</sup> P. J. J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 292.

<sup>123</sup> Suid-Afrika, Topografiese kaart, 1:50 000 VEREENIGING 2627DB.

ontwikkeling van die spoorweë. Die hoofpadnetwerk van die Vaaldriehoek het 'n integrale deel van die PWV-padnetwerk gevorm.<sup>124</sup> Die volgende hoofpaaie het die Vaaldriehoek met ander streke verbind:<sup>125</sup>

- \* Die N1 wat Johannesburg met Kaapstad verbind.
- \* Die R26-pad wat Vereeniging met Vanderbijlpark verbind.
- \* Die K61-pad wat Vereeniging met Sasolburg oor die F.W. de Klerk brug verbind.
- \* Die K178-pad wat Vereeniging en Potchefstroom via Vanderbijlpark verbind.

Die waarde van padverbindings oor die Vaalrivier is gedurende Maart 1975, net ná die vloed, besef toe die ou enkelverkeerbrug by Vereeniging en die Ascot brug tydelik gesluit is. Padverkeer moes toe van die Baddrif brug by Sasolburg gebruik maak.<sup>126</sup> Die padbrûe oor die Vaalrivier het 'n belangrike bydrae gelewer om die Transvaalse dorpe en stede van die Vaaldriehoek en Sasolburg aan mekaar te verbind. Die groot nywerhede is per pad en per spoor met hoofverkeersweë verbind.<sup>127</sup> Daar was oor die Vaalrivier 11 brûe wat die Transvaal en die Vrystaat aan mekaar verbind het.<sup>128</sup> Die brûe en deurpaaie het 'n sleutelrol in die verbinding van die Vaaldriehoek met die res van die land gespeel.<sup>129</sup>

Ruimtelike ordening en stedelike uitbreiding is ook onder die aandag van die weermag gebring. Die Vaaldriehoekse Streekdiensteraad het byvoorbeeld eers die beoogde Struktuurplan vir die Evaton/Lekoa/Stretford-gebied vir kommentaar

---

<sup>124</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 113.

<sup>125</sup> Suid-Afrika, Topografiese kaart, 1:50 000, VEREENIGING, 2627DB.

<sup>126</sup> Anon, "Bridge closed", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.03.1975, p. 1.

<sup>127</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 297.

<sup>128</sup> Anon, "11 brûe oor Vaal by Driehoek", in *Vaalweekblad*, 30.09.1977; Anon, "Kaart van beoogde paaie snelweguitbreiding van Vaaldriehoek", in *Vaalweekblad*, 23.03.1979.

<sup>129</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 266.

aan Groep 17 in Maart 1990 voorgelê.<sup>130</sup> Groep 17 het daarop versoek dat 'n afrit by die Potchefstroom pad waar dit die sementsnelweg kruis, gebou moes word.<sup>131</sup>

### 1.5.5 PYPLEIDINGS

Pypleiding word in 'n normale stadsopset gebruik vir die vervoer van water en rioolafval.<sup>132</sup> Die belangrikste pypleiding in die Vaaldriehoek is die pypleiding waarmee ru-olie vanaf Durban na Sasolburg gepomp word.<sup>133</sup> Daar is ook pypleidings wat water vanaf Vereeniging-pompstasie en die Zuikerbosch-pompstasie na die Rand pomp.<sup>134</sup> SASOL het 'n pypleiding gehad wat brandgas aan nywerhede in die Vaaldriehoek verskaf het.<sup>135</sup> Daar was ook 'n gaspyplyn wat gas na die Rand vervoer het.<sup>136</sup>

### 1.5.6 TELEKOMMUNIKASIE

Die telefoon was die vernaamste medium waardeur telekommunikasie destyds geskied het. Telekommunikasie is ook in sommige gevalle as 'n plaasvervanger vir vervoer gebruik.<sup>137</sup> Die aanlegwerf en voorraaddepot van die hoofposkantoor se telefoonafdeling wat Carletonville, Heidelberg, De Deur en Sasolburg bedien het, was in Vereeniging.<sup>138</sup>

---

<sup>130</sup> DDD, Strategiese beplanning/Ruimtelike ordening, 303/3/1/3/42/5, Meneer A. Bosman, Vaaldriehoek Streekdiensteraad aan Kolonel Bestbier van die Kwartiermeester-generaal, 19.04.1992.

<sup>131</sup> DDD, Pretoria, Strategiese studies en beplanning, 303/3/ Groep 4 Houer 48, Kol. F.J. van den Berg bev. GP 17 aan BG Kmdt. Wit (KS3 – SSO Ops), 20.06.1990.

<sup>132</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 40.

<sup>133</sup> Anon, "Natref was a milestone", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 07.03.1975; Anon, "Sasolburg 30: Sasolburg steeds groeipunt van SA chemiese nywerheid", *Vaal Ster*, 24.08.1984.

<sup>134</sup> Anon, "R451-m to improve quality of water", in *Vaal Ster*, 06.07.1984; Sien ook hoofstuk 2, Sabotasie in die Vaaldriehoek.

<sup>135</sup> Vgl. Anon, "Gaspyp gesaboteer: Bom skok Vaaldriehoek", in *Vaal Ster*, 14-18.02.1994.

<sup>136</sup> MAV, p. 200. 21112000, Van der Walt, F.P., (42) Vereeniging.

<sup>137</sup> A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide stad*, p. 40.

<sup>138</sup> P. J. J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 302.

In tye van konflik bestaan daar 'n groot moontlikheid dat telefoonkabels geknip kan word. Op 20 Maart 1960 is die telefoonlyn tussen Sharpeville en Vereeniging geknip.<sup>139</sup> Kommunikasie tussen militêre eenhede het aanvanklik per telefoonlyn geskied.<sup>140</sup> In 1975 het 73 Brigade 'n teledrukker gekry.<sup>141</sup> In 1977 is daar 'n seinrapportdiens tussen die eenhede in Vereeniging en die Kommandement Witwatersrand ingestel.<sup>142</sup> Later het kommunikasie tussen eenhede per radio geskied.<sup>143</sup>

Rand Waterraad het die belangrikheid van betroubare kommunikasie-geriewe besef nadat die poskantoor-telefoon tydens die vloed van 1975 onklaar geraak het. Daarom is 'n radiokommunikasiesistelsel in 1976 tussen die Vaaldam en die Barrage geïnstalleer.<sup>144</sup> In die geweld van die vroeë negentigerjare is ondergrondse kabels in Sharpeville deurgesaag sodat 2 000 telefone buite werking was.<sup>145</sup>

In die Vaaldriehoek was daar 'n aantal mikrogolftorings. Die bekendste mikrogolftoring was die een op Langerant, terwyl daar ook 'n mikrogolftoring by die Suikerbosrant, een by Parys en een by die Vereeniging-poskantoor was. Bandradio-kommunikasie oor ver afstande is na 'n mikrogolftoring herlei waar die sein versterk is. Die radioseine van die weermag is ook deur die versterkers

---

<sup>139</sup> TRC, *Volume three: Truth and reconciliation commission of South Africa report* (Cape Town, Juta, 1998), p. 534.

<sup>140</sup> DDD, Pretoria, 73 Brigade hk, Groep 1, Houer 49, Lêer G/Sigs/2/2/2 vol 1, G.P.O telephones-directories, Entries in Transvaal county telephone directory, Van 73 Bde aan Kommandement Witwatersrand. 03.05.1977.

<sup>141</sup> DDD, Pretoria, 73 Brigade hk, Groep 1, Houer 49, Lêer G/Sigs/2/5 vol 1, Line communications defence teleprinter network, Bevelvoerder 107 sein eskadron aan Kommandement Witwatersrand.

<sup>142</sup> DDD, Pretoria, 73 Brigade hk, Groep 1, Houer 49, Lêer G/Sigs/1/0 vol 2, *Verbindings*, Skrywe van HK 7 Infanteriedivisie aan 73 Brigade oor seinrapportdiens, 30.03.1977.

<sup>143</sup> Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Vrystaat, Eenheidsgeskiedenislêer: Parys Kommando: Jaarverslag 1992.

<sup>144</sup> R.J. Laburn, Radioskakel Vaaldam-Barrage, Hoofingenieur se verslag no. 5418, 926 Gewone vergadering, 30 April 1976, Rand Waterraad notule April 1975 tot 1976, p. 53.

<sup>145</sup> Anon, "Township terror for Telkom employees", in *Vaal Ster*, 27.09-01.10.1993.

van die mikrogolftorings versterk. Daar is aan die begin van die negentigerjare begin om normale telefoonseine wat per kabel tot by elektroniese sentrales gelei is, daarvandaan van 'n analoog na 'n digitale vorm te verander. Dié seine is dan na die volgende mikrogolftoring versend. Die implikasie van mikrogolftorings vir verdediging was dat die moontlikheid vir sabotasie drasties verklein is. Om ernstige skade te kon aanrig, moes die hele toring opgeblaas word.<sup>146</sup>

Die ontwikkeling van sellulêre en satellietegnologie het teen 1994 reeds 'n belangrike invloed op kommunikasie uitgeoefen. As gevolg daarvan het konvensionele telekommunikasie tegnieke aansienlik verander.

## 1.6 NASIONALE SLEUTELPUNTE (NSP'e)

'n Nasionale sleutelpunt is beskryf as enige inrigting, onderneming, industrie, installasie, kompleks, projek, sisteem, plek of area wat van sodanige nasionale belang is dat die verlies, beskadiging, vernietiging, ontwrigting, kompromittering, immobilisering, of inmenging daarmee die land se oorlogspoging en die handhawing van wet en orde sou benadeel.<sup>147</sup> Daar was verskillende NSP'e soos nywerhede, damme en pompstasies, op verskillende plekke wat deur die verskillende kommando's beskerm moes word.<sup>148</sup> Die *Wet op Nasionale Sleutelpunte* van 1980 het die minister van verdediging daartoe in staat gestel om enige perseel tot 'n nasionale sleutelpunt te verklaar. Teen 1985 was daar 337 NSP'e in Suid-Afrika, terwyl honderde ander punte as 'belangrike plekke' geklassifiseer is.<sup>149</sup>

---

<sup>146</sup> MAV, p. 246. 11012001, Viljoen, J., (33) Vereeniging.

<sup>147</sup> DDD, Pretoria, 41 HK(Gp 1), H 26, 502/1, Organisasiebeheer – stigting en ontbinding van hoofkwartiere en eenhede (31.03.80 – 26.10.81), Opsomming van beleid: Stigting van NSP-Komdo's of sub-eenhede, 31.03.1980, p. 2.

<sup>148</sup> Vgl. Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 5/1-1.

<sup>149</sup> K.W. Grundy, *The militarization of South African politics* (Oxford, Oxford University Press, 1988), p. 30.

Daar word gemeen dat min ander streke so 'n sametrekking van sleutelpunte as

die Vaaldriehoek gehad het.<sup>150</sup> Vaaldriehoekse nywerhede soos SASOL en ISCOR was nasionale sleutelpunte, terwyl ander nywerhede soos DORBYL hanteer is asof dit 'n nasionale sleutelpunt was.<sup>151</sup> Daar is ook maandeliks vergaderings tussen die bestuur van 'n NSP, die weermag en die polisie gehou.<sup>152</sup>

Die waterbronne in die Vaaldriehoek soos die Barrage, Vaaldam en pompstasies was ook steunpunte.<sup>153</sup> Daar is reeds gedurende die Tweede Wêreldoorlog met die moontlikheid van 'n aanval op die Rand Waterraad se werke rekening gehou.<sup>154</sup> Omdat daar geen belangrike alternatief vir die Vaalrivier se watervoorsiening aan die PWV-gebied was nie, het Rand Waterraad voorsiening vir die beveiliging daarvan en water vir noodsituasies gemaak.<sup>155</sup> Die treinbrug oor die Vaalrivier by Vereeniging was ook 'n NSP en is deur die spoorwegpolisie bewaak.<sup>156</sup> Ander NSP'e was die padbrug by Parys oor die Vaalrivier en die mikrogolftoring buite die dorp.<sup>157</sup> Die gas- en brandstofpylyne is ook deur die spoorweg- polisie bewaak.<sup>158</sup>

Die kragstasies van die Vaaldriehoek was nasionale sleutelpunte en omdat kragstasies en kraglyne kwesbaar is, is daarvoor gesorg dat die veiligheid van

---

<sup>150</sup> MAV, p. 244. 17092000, Du Plooy, C.W., (48) Drie Riviere.

<sup>151</sup> MAV, p. 71. 05022000, Van Stratten, M., (50) Helenasrus; MAV, p. 22. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

<sup>152</sup> MAV, p. 93. 28032000, Hoffmann, G., (62) Vanderbijlpark.

<sup>153</sup> MAV, p. 95. 29.03.2000, Schempers, B., (64) Vanderbijlpark; MAV, p. 22. 28071999, Viljoen, C., (66) Pretoria.

<sup>154</sup> Anon, *Randwaterraad* (Johannesburg, Frier & Munro, 1953), p. 29.

<sup>155</sup> R.J. Laburn, *The Rand Water Board...*, pp. 68,69.

<sup>156</sup> MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark; MAV, p. 199, 21112000, Van der Walt, F. P., (42) Vereeniging.

<sup>157</sup> MAV, p. 207, 23112000, De Villiers, D. W., (55) Parys.

<sup>158</sup> MAV, p. 200. 21112000, Van der Walt, F.P., (42) Vereeniging.

dié lewensaar gewaarborg was.<sup>159</sup> Alhoewel daar elders by kragstasies industriële kommando's was, is daar besluit dat daar reeds genoeg militêre eenhede in die Vaaldriehoek was wat die streek se kragstasies kon beskerm.<sup>160</sup> ESKOM het op sy beurt deur middel van elektriese heinings en streng toegangbeheer teen sabotasiepogings gewaak.<sup>161</sup>

Daar is destyds sorg gedra dat ook rioolsuiweringsaanlegte beskerm is.<sup>162</sup> Die burgerlike beskerming van Vanderbijlpark het in die onlustetyd sekuriteitspersoneel by rioolwerke aangestel. Tydens die onluste van 1992 is waterpype en rioolpype in swart gebiede gesaboteer.<sup>163</sup> Die sabotasie van rioolwerke sou 'n ernstige gesondheidsgevaar vir alle inwoners inhou.<sup>164</sup>

Vir die beskerming van NSP'e is spesiale militêre eenhede, naamlik industriële kommando's, gestig. Die twee Vaaldriehoekse industriële kommando's was die Iscor en die Sasol Kommando.<sup>165</sup> Dele van eenhede bekend as taak-mageenhede het die streek beveilig en NSP'e in die Vaaldriehoek is gereeld gepatrolleer.<sup>166</sup> Teen 1990 was daar 10 NSP'e in die verantwoordelike gebied van Sasol Kommando waaronder SASOL I, NATREF, Lethabo kragstasie en die Vaaldam.<sup>167</sup> Die Iscor Kommando (later Regiment Vanderbijlpark) was

---

<sup>159</sup> Anon, "Kommandonuus: Evkom laat die vonke spat", *Paratus*, 33(10), Oktober 1982, p. 37; J.J.L. van Zyl, "Elektriese kragvoorsiening tydens noodtoestande", *Paratus*, (29), Junie 1978, p. 32; Vgl. Anon, "Cover story: Eskom's transmission group sets glittering example", *Safety Management*, Julie 1993, p. 11.

<sup>160</sup> MAV, p.186. 13072000, Van den Berg, F.J., (56) Falconridge.

<sup>161</sup> Anon, "Cover story: Eskom's transmission group sets glittering example", *Safety Management*, Julie 1993, p. 11.

<sup>162</sup> MAV, p.101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

<sup>163</sup> Sapa, "Repairs on sabotaged pipes in Vaal townships", in *Citizen*, 29.07.1992, p. 12; Anon, "Terror and the new South Africa", in *Patriot*, 31.07.1992, p.10.

<sup>164</sup> MAV, p.101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

<sup>165</sup> Sien hoofstuk 3, industriële kommando's.

<sup>166</sup> Vgl. DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Vereeniging Kommando: Jaarverslae 1979 – 1984.

<sup>167</sup> M. Ellingham, "Sasol-kommando: ons industriële wagte", in *Uniform*, Maart 1990, p. 3.

verantwoordelik vir die beskerming van reservoires op Vanderbijlpark, die Barrage en vir nywerhede soos ISCOR en VECOR, terwyl die Vereeniging Kommando verantwoordelik was vir die beskerming van die groot nywerhede en die kragstasies in sy verantwoordelike gebied.<sup>168</sup>

## 1.7 SAMEVATTING

Suid-Afrika was die enigste land in Afrika met 'n betekenisvolle yster- en staalindustrie en met gevorderde petrochemiese aanlegte.<sup>169</sup> Die feit dat so 'n groot deel van die nywerheidsaktiwiteite in 'n relatief klein gebied gekonsentreer was, het die strategiese belangrikheid van die hele PWV-gebied beklemtoon.<sup>170</sup> Dié land se militêre krag is deur sy industriële en logistieke infrastruktuur versterk en daarom was SASOL en ISCOR ook vir die landsverdediging belangrik.<sup>171</sup>

Die Vaaldriehoek was as 'n onderdeel van die PWV-gebied, deel van die grootste nywerheidskompleks in Afrika. Om dié rede het die Vaaldriehoek ook van nasionale belang geword.<sup>172</sup> Die Vaaldriehoek is as die spreekwoordelike "Ruhrgebiet" van Suid-Afrika beskou.<sup>173</sup> Dit was sy yster- en staalfabrieke, chemiese bedryf en die lewering van hoëgraadse ingenieursware soos wapentuig, wat die Vaaldriehoek vir Suid-Afrika van militêre betekenis gemaak het.<sup>174</sup> Kragstasies was baie belangrik vir die funksionering van nywerhede.<sup>175</sup>

---

<sup>168</sup> MAV, p. 95. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark; MAV, p. 71. 05022000, Van Stratten, M., (50) Helenasrus.

<sup>169</sup> L.H. Gann & P. Duignan, *South Africa: War, revolution or peace?* (Stanford, Hoover international studies, 1979), p. 24.

<sup>170</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 275.

<sup>171</sup> L.H. Gann & P. Duignan, *South Africa: War, revolution or peace?*, p. 24.

<sup>172</sup> Anon, "Vereeniging en die staalnywerheid", in *Vaalweekblad*, 05.11.1982.

<sup>173</sup> Monitor, "Eskom nou kragbron van wêreldformaat", in *Vaalweekblad*, 02.04.1982; Anon, "Vaalweekblad kommentaar" in *Vaalweekblad*, 29.04.1994.

<sup>174</sup> Vgl. L. H. Gann & P. Duignan, *South Africa: War, Revolution, or Peace?*, p. 25.

<sup>175</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 262.

Sonder ESKOM-krag sou die hoogoonde van ISCOR en USCO tot stilstand gekom het en sou daar nie staal vir pantservoertuie, kanonne en geweerlope gemaak kon word nie.<sup>176</sup> Die Vaaldriehoek het aan die grootste deel van die PWV-gebied water verskaf. Pad- en spoorverbindings het die streek met die res van Suid-Afrika verbind.<sup>177</sup>

Die infrastruktuur (elektriese krag, water, padnetwerk, spoorverbindings, grondstowwe en die voorkoms van nywerhede wat strategies belangrike produkte gelewer het) sou van die Vaaldriehoek 'n teiken in 'n oorlogssituasie maak.<sup>178</sup> Versetgroepe het gedurende die Tweede Wêreldoorlog besef dat die uitskakeling van Vaaldriehoekse nywerhede 'n nasionale impak sou hê. Hulle is betrap met planne van die Vereenigingse lughawe, en van USCO asook Stewards & Lloyds in hulle besit.<sup>179</sup> Die strategiese belangrikheid van die Vaaldriehoek was ook die motivering vir die stigting van 'n tweede lugafweerregiment in Vereeniging om die Vaaldriehoek teen moontlike lugaanvalle te beskerm.<sup>180</sup> Die plaaslike militêre eenhede, die polisie en die spoorwegpolisie het NSP'e in die Vaaldriehoek beskerm.

In die volgende hoofstuk word die aanvalle en dade van sabotasie in die Vaaldriehoek behandel.

---

<sup>176</sup> MAV, p. 169. 28032000, Hoffmann, G., (76) Vanderbijlpark.

<sup>177</sup> P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 297.

<sup>178</sup> MAV, p. 14, 03091998, Coetzen, W, (43) Peacehaven; Vgl. ook Anon, "Vaaldriehoek wys sy krag", in *Vaalweekblad*, 27.08.1985; Anon, "Vaaldriehoek-nywerheidsreus vol geesdrif oor die toekoms", in *Vereeniging 100 jaar, Transvaler*, 26.05.1992, p. 3.

<sup>179</sup> H. Strydom, *The fourth Reich*, p. 245.

<sup>180</sup> MAV, p. 230. 27122000, Lubbe, J., (71) Parys.